# Die reuk van appels


# -Mark Behr –

-Anri Dames-
-13426710-



Mark Behr is in 1963 in Tanzanië gebore en het hom later met sy familie in Suid-Afrika gevestig.  Hy het onderrig ontvang in Suid-Afrika, Noorweë en die VSA.

Tans woon hy in Johannesburg waar hy Engelse letterkunde doseer.




"Die reuk van appels" is Behr se eerste boek en ook reeds die wenner van die volgende pryse:

-Die Eugene Maraisprys

-Die CNA Letterkundetoekenning vir die beste debuut

-Die Betty Trask-toekenning vir die beste debuut in die Verenigde Koninkryk en

-Is ook genommineer vir die Guardiantoe-kenning.

Wanneer die politici en ander hooggeplaastes op die waarheidskommissie dien, is dié boek ver-pligte leesstof terwyl hulle worstel om die seil van Suid-Afrika tydens die apartheidsera te deurgrond.

- City Press -

Behr skep 'n liriese en onver-geetlike kinderverteller, saam met 'n storie wat aan Ameri-kaanse lesers sal verklaar waarom soveel jong Suid-Afrikaners saam begin afbreek het aan die strukture waaraan hulle voorouers 'n leeftyd lank gebou het.

- New York Times -

Dit is die somer van 1973.  Apartheid floreer, Eddie Barlow se krieketspan is besig om die Engelse op Nuweland op te dons, die Amerikaners begin noustrop trek teen die Kommuniste in Viëtnam, en in die Kaap is die elfjarige Marnus besig om te leer wat menswees en manwees beteken.

Die lewe is snaaks, mooi, kosbaar, onverstaanbaar, vreeslik.

Agter hom lê die geskeidenis van sy familie in Tanganjika.  Voor hom, al weet hy dit nog nie, wag ’n grensoorlog.  Tussen geweld en geweldlê daardie oomblik wanneer onskuld verlore raak:  ’n Skokkende ontdekking wat deur die oppervlak van die alledaagse breek om alles onherroeplik te verander.

Van daardie beslissende oomblik af sal die reuk van appels bly kleef aan alles wat Marnus raak...

Die verhaal speel af gedurende ’n paar maande in Marnus se lewe – 1973. Dit word egter deur hom herleef waar hy in 1989 as soldaat op die Grens veg.

Historiese figure en motors waarvan melding gemaak word, gee ’n aanduiding van die era.

HJ Verwoerd, PW Botha, BJ Vorster, Chris Barnard, Niël Armstrong...


Beatle, Poch

Die verhaal speel af in plekke soos Valsbaai, Kaapstad, Rodesië en Angola.

Veral Valsbaai het baie simboliese waarde aangesien dit dwardeur die roman gebruik word om te dui op die front wat deur Marnus en sy ouers voorgehou word m.b.t hul gesinslewe, huwelik en die sodomie met sy maaitjie, Frikkie.

Daar is natuurlik ook simboliek op gesluit in die beeld van appels. Dit dra die beeld van die ‘Paradys’ en die keuse tussen goed en kwaad oor. Daar- mee saam gaan ook die feit dat die appel die mens uit die paradys gedryf het, en ook Marnus en sy gesin uitmekaar gedryf het.

**Tog lê die fout meestal nie by die appel nie, maar by die hand wat die appel vashou... Die mens se hand maak die appel suur – Dus is dinge in die samelewing nie so mooi en goed nie – Maar slegs oor dit wat die mens doen…**




Behr het ook nou 'n tweede boek, "Embrace", uigegee wat beloof om net so opspraakwekkend en vol verrassings soos "Die reuk van appels" te wees...

**Ek is egter van mening dat die sukses van "Die reuk van appels" hoofsaaklik opgesluit was in die skok-element van die verhaal – Lees en besluit vir jouself!**